# DIE BYBEL IS NOG ALTYD REG

Dr Willie Marais

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# DIE BYBEL IS NOG ALTYD REG

Uitgewer: Deon Roelofse
Postnet Suite 132
Privaatsak x504
Sinoville, 0129
E-pos: deon@eeds.co.za
Tel: 012-548-6639

Eerste Druk: November 2009
ISBN NR: 978-1-920290-49-8

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Omslagontwerp: Groep 7
Tipografiese versorging: Sonja Roelofse
Voorblad: Die Sewe-ster (*Pleiades*) of M45 konstellasie

Gedruk en gebind deur:
Groep 7 Drukkers en uitgewers BK
epos@groep7.co.za

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# DIE BYBEL IS NOG ALTYD REG

## DIE INHOUD

Inleiding

1. Hoe het Jesus die Bybel hanteer?
2. Natuurwetenskap en teologie
3. Die liberalisme in die teologie
4. Hoe weet ons dat die wonderwerke in die Bybel regtig plaasgevind het?
5. Is die Bybel volledig geïnspireer?
6. Is die Bybel die woord van God?
7. Is Genesis 1 tot 3 geskiedenis of versinsel?
8. Skepping of evolusie?
9. Staan die aarde vas?
10. Na wie verwys Jesaja 53?
11. Die boek Daniël
12. Is die boek Jona 'n historiese geskrif?
13. Is Jesus uit 'n maagd gebore?
14. Hoe weet ons verseker dat Christus Jesus die Seun van God is?
15. Die vier evangelies
16. Is die mosterdsaad die kleinste van alle saadsoorte op aarde?

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

17. Die opskrifte bokant die kruis van Jesus

18. Die opstanding van Jesus uit die dood

19. Die uitverkiesing en ons verantwoordelikheid

20. Wanneer word ons gered?

21. Wanneer word ons sondes ons vergewe?

22. Is die meerderheid altyd reg?

23. My gesprek met 'n ongelowige

24. Die hele raad van God

25. Is daar 'n wiskundige fout in die Bybel?

26. Profesie teen Tirus letterlik vervul

27. Die plek waar Jesus gebore is

28. Die Bybel praat al van die Sewe-ster

29. Nie net 'n vroom lewe nie

30. Nie óns werke red ons nie

Oor die skrywer

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# OPGEDRA AAN MY DOGTER RENTIA

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# INLEIDING

Miskien het u toe u die naam van die boek gesien het vir uself gesê: Dit maak nie vir my saak of die Bybel reg of verkeerd is of was nie; of die aarde nou om sy as draai of nie draai nie. Aan my saligheid sal dit niks verander nie! Maar waarom sal Paulus ons dan vermaan om vas te hou aan die betroubare woord wat volgens die leer is (Tit. 1:9) en skrywe: "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim. 3:16), en van sy verdediging en bevestiging van die evangelie vertel (Fil. 1:7) as dit nie belangrik vir ons is om aan die waarheid van die Skrifte vas te hou nie? En waarom skryf Petrus van mense wat die evangelie verdraai tot hulle eie verderf? (2 Pet. 3:16).

As die Bybel nie betroubaar is in die aardse dinge waarvan ons vertel word nie, hoe sal ons die hemelse dinge vertrou waarvan ons daarin lees? Jesus het gesê: "As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?" (Joh. 3:12). Dit is juis die argument wat die ongelowiges gebruik om mense van die Woord afvallig te maak, want hulle sê: As daar wetenskaplike foute in die Bybel is, hoe weet ons dat die Bybel reg is as ons van die geestelike dinge daarin lees? En hoe kan ons die God vertrou van wie die Bybel ons vertel as die boek wat ons van Hom vertel onbetroubaar is?

Die Bybel bestaan uit 66 boeke, geskrywe oor 'n tydperk van ongeveer 1600 jaar, in drie tale naamlik Hebreeus, Aramees en Grieks deur manne wat spesiaal deur God daarvoor vanuit verskillende sektore van die samelewing afgesonder is. Moses was 'n staatsman, Josua 'n soldaat, Samuel 'n profeet, Dawid 'n koning, Amos 'n boer, Matthéüs 'n tollenaar, Petrus 'n visterman, Lukas 'n

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

dokter en Paulus ‘n groot geleerde. Hulle bring almal een groot boodskap; dit is van Jesus wat sou kom, van Jesus wat gekom het en van Jesus wat weer sal kom. Die Bybel is die Woord van God (Ps. 19:8-9) en is ‘n lamp vir ons voet en ‘n lig op ons pad (Ps. 119:105) en bevat kennis wat ons wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus ons Here (2 Tim. 3:15).

Dr. Willie Marais

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 1. HOE HET JESUS DIE BYBEL HANTEER?

Die Here Jesus het Homself volkome aan die gesag van die Skrif onderwerp. Toe Petrus die oor van Malchus afgekap het, het Jesus vir hom gesê: “Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem sal deur die swaard vergaan. Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie? Hoe sou die Skrifte dan vervul word dat dit so moet gebeur?” (Matt. 26:52-54).

Jesus het gesê dat die Skrif nie gebreek kan word nie (Joh. 10:35). Dit beteken in geen punt of stelling wat dit bevat nie. Elke standpunt van die Skrif staan onbeweeglik en onvernietigbaar as feit teen elke vorm van kritiek of aanval. Jesus het gesê: “Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val” (Luk. 16:17).

Jesus het die versoekinge van die Satan weerstaan deur elke keer vir hom te sê: Daar is geskrywe (vgl. Matt. 4:4,7,10).

Jesus het die Bybel met die Bybel vergelyk. Toe Satan die Skrif misbruik om Jesus te beweeg om van die tempel af te spring (vgl. Ps. 91:11-12), het Jesus die Skrif met die Skrif vergelyk deur vir Satan te sê: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie” (Matt. 4:7; vgl. Deut. 6:16).

Jesus het geleer dat Jesaja 53:12 op Hom betrekking het, en dat ook aan die dinge wat op Hom betrekking het, daar ‘n einde kom (Luk. 22:37). Hy het in Johannes 13:18, met verwysing na Psalm 41:10, sy dissipels daarop gewys

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

dat een van sy dissipels Hom gaan verraai omdat die Skrif vervul moet word (vgl. Matt. 26:21-25). Jesus toon in Matthéüs 21:33-42 aan dat Hy deur sy eie mense verwerp moet word, omdat Hy (volgens Psalm 118:22), die steen is wat deur die bouers verwerp gaan word (vgl. Hand. 4:10-11).


Jesus gebruik die Skrif om die mense te waarsku. In Lukas 17:32 sê Hy dat hulle moet dink aan wat met die vrou van Lot gebeur het toe die oordeel van God haar ingehaal en sy in ‘n soutpilaar verander het, omdat sy getalm het toe hulle vir hulle vryheid na Soar moes vlug. Hy waarsku in Matthéüs 24:37-39 sy gehoor dat die dinge voor die koms van die Seun van die mens sal wees soos in die dae van Noag toe die mense nie verstaan het voordat die sondvloed gekom het en almal weggevoer het nie.

Jesus het gesê dat Hy en die Vader een is (Joh. 10:30). Omdat Jesus gesê het dat Hy en die Vader een is, wou die Jode Hom stenig omdat Hy wat, soos hulle gemeen het, ‘n mens is, Homself God maak. Hulle het Jesus reg verstaan. Dit is wat Hy gesê het dat Hy is. In Johannes 12:45 sê Jesus: “En wie My aanskou, aanskou Hom wat My gestuur het”. In Hebreërs 1:3 lees ons van Jesus (die Seun) wat die afskynsel is van sy (dit is van God se) heerlikheid en die afdruksel van sy wese is, en verwys Hebreërs 1:8 na die Seun as: “U troon, o God, is tot in alle ewigheid”. In Filippense 2:6-11 skryf Paulus: “Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word; en in die gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is. Sodat in die Naam

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

van Jesus sou buig elke knie van wat in die hemel en op die aarde is en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader”.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*Die hemele vertel die eer van God,*
*en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.*

*Psalm 19:2*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 2. NATUURWETENSKAP EN TEOLOGIE

Natuurwetenskap is die wetenskap van die natuurwette en word gewoonlik beskryf as die kennis van feite, verskynsels en wette, verkry deur opgeleide waarnemers en bewys deur herhaalde eksperimente en logiese beredenering. Alles wat gemeet kan word, is dus natuurwetenskap. Dit is dus duidelik dat daar geen natuurwetenskap kan bestaan van die oorsprong van dinge soos byvoorbeeld van die skeppping van die heelal en van die aarde, of van die oorsprong van die lewe of van die mens nie, want niemand van ons was daar om dit waar te neem toe dit geskep is nie. Die enigste moontlike wyse waarop die mens kennis van hierdie dinge kan bekom, is wanneer die Skepper van al hierdie dinge dit aan hom openbaar. En die openbaring van hierdie dinge vind ons in die Bybel.

Die teologie weer is die wetenskap oor die openbaring van God in sy Woord aan die mens. Die teologie het egter een probleem: Die Ou Testament was ‘n konsonante teks; sonder vokale geskrywe. Eers in die vyfde en sesde eeue na Christus het die geleerdes die vokale ingevoeg. Ons noem hulle die Masorete. Die vertaler moes dus eers die teks vertolk om vas te stel watter vokale hy moet invoeg voordat hy kon vertaal. Hoe weet ons dit? In Genesis 47:31 vind ons byvoorbeeld die twee konsonate *-m-* en *-t-*. Die Griekse vertaling, die Septuaginta, wat ongeveer 300 jaar voor Christus gedoen was, vertaal byvoorbeeld Genesis 47:31 soos volg: “Toe het Israel geleun op die knop van sy kierie.” Hulle het dus die twee volkale *-a-* en *-e-* by die twee konsonante *-m-* en *-t-* gevoeg en dan lees dit -*mate*-; dit is kierie. Die Masoretiese teks het weer die vokale *-i-* en *-a-* bygelees en dan lees dit -*mita*-; dit is bed, en

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

vertaal soos volg: "Toe het Israel in aanbidding gebuig oor die koppenent van sy bed." Die twee verskillende woorde -kierie- en -bed- kan alleen afgelei word van 'n konsonante teks sonder vokale. Ek glo dat die vertaling van die Septuaginta korrek is, want Jakob was nog nie siek toe hy vir Josef geseën het nie. Eers in die volgende hoofstuk (Gen. 48:1) word gesê dat Jakob siek is, en sou hy op die koppenent van sy bed kon geleun het toe hy die seuns van Josef geseën het.

Die moderne teologie vind die begronding van sy teologie nie in die Bybel nie, maar in die natuurwetenskap. Hier is Heinz Zahrnt die kampvegter. In hierdie beskouing is daar net één werklikheid, die sigbare en die bewysbare; dit wat die mens as werklikheid ervaar; dit wat eksperimenteel bewysbaar is.

Die woord "bonatuurlik" dui op iets wat nie volgens die natuurwette plaasgevind het nie. En so iets kan nie deur ons verstand verklaar word nie, want die verstand behoort tot die natuurlike en die natuur kan nooit tot die bonatuurlike opklim nie. *Finitum non capax infiniti.* Vir die Bybel is albei hierdie dinge werklikhede. Paulus skrywe van die uiterlike en die innerlike mens (2 Kor. 4:16), van die sigbare en die onsigbare (vgl. 2 Kor. 4:18). Hy glo dus dat die werklikheid sigbaar en onsigbaar is.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 3. DIE LIBERALISME IN DIE TEOLOGIE

Die aanslag teen die Skrif het ‘n lang geskiedenis, maar het met die koms van die liberalisme in felheid toegeneem. Liberalisme word gewoonlik beskryf as vrysinnigheid op godsdienstige gebied. Die liberale teologie het sy wortels in die verligting van die agtiende eeu met D.F. Strauss, Albrecht Ritshl, A.E. Biedermann, R.A. Lipsius en H. Lüdemann as belangrike verteenwoordigers. Hierdie teologie soek sy krag in die sogenaamde kritiese ondersoek en die bestryding van enige dogmatiese gebondenheid.

Volgens hierdie beskouing vind alles plaas volgens die ingeboude wetmatigheid van die bestaande dinge. ‘n Aardbewing word byvoorbeeld nie van buite af deur God bewerk nie, maar is doodgewoon die verloop van die natuur. Dit geld ook van ander verskynsels in die verloop van die geskiedenis soos epidemies, oorstrominge en droogtes. Alles is aan die noodlot of toeval uitgelewer. God is dus wel die Skepper, maar nie die Onderhouer van dit wat Hy geskep het nie.

Teenoor die standpunt van die liberalis leer die Skrif dat alles, nie per toeval nie, maar uit die hand van die Vader ons toekom. Ons lees byvoorbeeld dat geen ramp ‘n stad tref as die Here dit nie bewerk het nie (Amos 3:6; vgl. Jes. 45:6-8). God bemoei Hom wel deeglik met die aarde en met sy inwoners. Hy dra alle dinge deur die woord van sy krag (Heb. 1:3).

Die liberalis ontken enige bonatuurlike openbaring soos deur die Skrif aangekondig (vgl. Gal. 1:11-12). ‘n Openbaring is ‘n bonatuurlike gebeurtenis omdat dit nie vanself uit ons waarneming van dinge voortvloei nie, met

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

ander woorde: is geen logiese gevolgtrekking wat byvoorbeeld uit ons kennis van die natuur opkom nie, en bevat selfs kennis wat nie deur die verstand van die mens verstaan en dus verklaar kan word nie (vgl. Dan. 12:8-9; 1 Pet. 1:10-12; Op. 7:13-14).

Die openbaring in die Skrif kom dan ook tot ons as direkte getuienis en nie as uitgewerkte bewysvoeringe nie. Sonder om aan te kondig wie en wat God is, word byvoorbeeld doodgewoon aangekondig: "In die begin het God die hemel en aarde geskape" (Gen. 1:1; vgl. Rom. 1:20; 2:4; Hand. 14:17; 17:24-25).

Al word die bestaan van wonderwerke deur die liberalis ontken, beteken dit nie dat wonderwerke nie plaasvind nie, want selfs ongelowiges het al wonderwerke waargeneem, soos byvoorbeeld die towenaars van Farao (Eks. 8:16-19) en die raadslede in Handelinge 4:5-16.

Toe die towenaars nie soos Moses muskiete of muggies uit die stof kon voortbring nie, het hulle vir Farao gesê: "Dit is die vinger van God!" (Eks. 8:19). Toe Petrus 'n man wat van sy geboorte af kreupel was (Hand. 3:2) en meer as veertig jaar oud was (Hand. 4:22), laat loop het (Hand. 3:8), het die raadslede vir mekaar gesê: "Wat moet ons met hierdie manne doen? Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie" (Hand. 4:16).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 4. HOE WEET ONS DAT DIE WONDERWERKE IN DIE BYBEL REGTIG PLAASGEVIND HET?

In Númeri 21:5-9 lees ons byvoorbeeld: “En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. Toe stuur die Here giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die Here en teen u gespreek het. Bid tot die Here dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. Daarop sê die Here aan Moses: Maak vir jou ‘n giftige slang en sit dit op ‘n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Toe het Moses ‘n koperslang gemaak en dit op ‘n paal gesit; en as die slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.” Dit is ‘n wonderwerk wat beskryf word, want hoe kan iemand wat deur ‘n giftige slang gebyt is, gesond word deur net na ‘n koperslang te kyk?

As hierdie verhaal nie regtig plaasgevind het nie, dan was daar nie ‘n koperslang nie. Maar nou lees ons in 2 Konings 18:4 weer van hierdie slang. Die volk het dus hierdie koperslang wat Moses gemaak het tot dan toe bewaar, want ons lees: “Hy (dit is koning Hiskia) het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op die dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehustan (die koperding) genoem.” Maar hoe kon Hiskia hierdie koperslang stukkend stamp as die slang nie regtig bestaan het nie?

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Jesus het ook in die verhaal van die koperslang geglo, want Hy het gesê: “En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word” (Joh. 3:14). Jesus het ook gesê: “My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het” (Joh. 7:16). En wie die getuienis van Jesus nie aanvaar nie, het nie die nodige respek vir sy persoon nie, en besef nie dat in Hom die volheid van God liggaamlik teenwoordig is nie (vgl. Kol. 2:9).

En as die bestaan van net een wonderwerk in die Bybel bewys kan word, dan is die bestaan van al die ander wonderwerke in die Bybel nie onwaarskynlik nie.


Daar is teoloë wat nie in die bestaan van wonderwerke glo nie. Hulle beskryf die wonderwerke in die Bybel as volksverhale, mites en legendes. Hulle het geglo dat hulle die Bybel moes bevry van hierdie verhale om die Bybel vir die moderne mens aanvaarbaar te maak. Maar die Bybel het ‘n heeltemal ander beskouing daaroor. Ons lees byvoorbeeld dat Jesus na sy opstanding uit die dood, terwyl die deure gesluit was waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode gekom en in hulle midde gestaan en aan hulle gesê het: “Vrede vir julle!” En Thomas, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie. Toe hulle vir hom sê dat hulle die Here gesien het, het hy gesê: “As ek nie in sy hande die merke van die spykers sien en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie. En agt dae daarna was sy dissipels weer bymekaar en Thomas saam met hulle. Jesus het gekom, terwyl die deure gesluit was, en het vir Thomas gesê: Bring jou vinger hier. En kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. En Thomas antwoord Hom: My Here en my God! Jesus sê vir hom:

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het" (Joh. 20:19-29).

En dan lees ons: "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (Joh. 20:19-31). Die tekens wat Jesus hier gedoen het, was dat Hy twee keer deur 'n geslote deur gekom het en dat Hy geweet het wat Thomas in sy afwesigheid gesê het. Hierdie tekens hoef die moderne mens nie in die Bybel te laat twyfel nie, want dit is juis beskrywe sodat hulle kan glo (Joh. 20:31).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie,… …want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."*

*2 Petrus 1:16-21*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 5. IS DIE BYBEL VOLLEDIG GEINSPIREER?

Die Bybel ís volledig geïnspireer, want geen musiek is sonder note nie en geen wiskunde sonder syfers nie en geen gedagte sonder woorde nie. Die Bybel leer dat ons by die woord wat die Here beveel, geen woord mag byvoeg nie, en ons mag niks daarvan weglaat nie (vgl. Deut. 4:2; 12:32; Spr. 30:6; Jer. 26:2 en Op. 22:18-19). Die Bybel is dus volledig en volmaak (vgl. Ps. 19:8-10), want: "Die hele inhoud van u woord is waarheid ..." (Ps. 119:160). En Paulus skrywe: "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim. 3:16). Dit is natuurlik net waar van die oorspronklike dokumente en nie van die vertalings nie, want vertalings bevat dikwels meer woorde as die oorspronklike. In Johannes 19:30 gebruik Jesus byvoorbeeld net een woord – *tetelestai,* wat met drie woorde vertaal word: Dit is volbring.

As die Bybel nie volledig geïnspireer is nie, dan kan ons nie sê dat die Bybel die Woord van God is nie, maar dat die Woord van God in die Bybel is. Dan is ons in die onbenydenswaardige posisie om self te besluit wat in die Bybel die Woord van God is, en wat nie. Dan sal ons die opinie van mense moet opweeg teenoor die skrywers van die Bybel wat verklaar het dat dit wat hulle geskryf het deur God aan hulle geopenbaar is: "Maar ek maak dit aan julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus" (Gal. 1:11-12), en ook: "Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met die (woorde) wat die Heilige Gees leer" (1 Kor. 2:13). Johannes skrywe: "wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle" (1 Joh. 1:3). En Petrus skrywe:

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

“Want ons het nie verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (vgl. 2 Pet. 1:16-21).

Die woord openbaring beteken dus: God het sekere dinge bekend gemaak. Dit is nie dinge wat die profete en apostels self uitgedink of van ander mense geleer het nie (vgl. Gal. 1:11-12). Inspirasie weer beteken: dit wat God die skrywers van die Bybel beveel het om neer te skrywe (vgl. Op. 21:5; Eks. 34:27; Jer. 30:2). Dat Hy dus geïnspireer het (2 Tim. 3:16); dit is die Goddelike waarborg dat die vaslegging van hierdie waarheid op Skrif sonder foute is.

Maar inspirasie is nie verligting nie; is geen waarborg dat alles wat deur die skrywers van die Bybel geskrywe is, deur hulle verstaan is nie (vgl. Dan. 12:5-9). Om die Skrif te verstaan is die verligting van die Heilige Gees nodig (vgl. 1 Kor. 2:10-16).

Alhoewel ons glo dat die Skrif duidelik genoeg is (vgl. 2 Kor. 1:13) om daardeur die ewige lewe te verkry (vgl. Joh. 5:39; Jak. 1:18), is daar tog dinge in die Skrif wat moeilik is om te verstaan (vgl. 2 Pet. 3:15-16), óf omdat ons nog natuurlik is, en dus nie kan verstaan nie (1 Kor. 2:14) omdat ons verstand deur Satan verblind is (vgl. 2 Kor. 4:3-4) óf omdat ons traag geword het om te leer (vgl. Heb. 5:11-14). Daarom sluit die verstaan van die Skrif die verligting deur die Heilige Gees (1 Kor. 2:10-16) en die verklaring van die Skrif deur die prediker (vgl. Kol. 4:3-4) en die eksegeet (vgl. 2 Tim. 2:15) nie uit nie, maar in (vgl. Neh. 8:9; Luk. 24:27,32,45; Hand. 8:30-35).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 6. IS DIE BYBEL DIE WOORD VAN GOD?

Die Bybel kondig self sy inhoud aan as die Woord van God: “Die hele Skrif is deur God ingegee” (2 Tim. 3:16). En ook: “... terwyl julle dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging (insig) is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe (*pheresthai*), het die heilige mense van (dit is vanuit) God gespreek” (2 Pet. 1:20-21). Dit is die gesonde Woord wat party mense vandag nie kan verdra nie (2 Tim.4:3); dit is die betroubare Woord waarin ons onderrig is (Tit. 1:9).

Hierdie waarheid geld natuurlik alleen van die oorspronklike grondteks (die *autographa*) soos dit in Hebreeus, Aramees en Grieks geskryf is. En al beskik ons nie meer vandag oor hierdie oorspronklike geskrifte nie, weet ons dat dit onfeilbaar was, omdat die Bybel uitdruklik sê dat dit onfeilbaar was. Ons noem dit die selfgetuienis van die Skrif. Dawid skryf byvoorbeeld: “Die wet van die Here is volmaak ... die getuienis van die Here is gewis ... die bevele van die Here is reg” (Ps. 19:8-9). Dit beteken dat die Woord van die Here volmaak, betroubaar en helder is. En almal van ons is verplig om die getuienis van Dawid as betroubaar te aanvaar totdat die teendeel bewys is. En niemand kan vandag bewys dat die getuienis van Dawid nie betroubaar was nie, omdat die oorspronklike geskrifte nie meer bestaan nie. Die Bybel het dus volgens sy eie getuienis, ‘n onfeilbare Goddelike gesag in alle sake wat dit aanroer.

Dit is nie onredelik of onwetenskaplik om op grond van die selfgetuienis van iemand sy getuienis oor homself te aanvaar nie (vgl. Joh. 9:20,25). So getuig die Skrif self dat sy inhoud waaragtig en betroubaar is (Op. 21:5), en hierdie

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

getuienis is deur die ganse kerk histories, algemeen en proefondervindelik as die waarheid aanvaar (vgl. Ef. 3:18), terwyl die Heilige Gees, as laaste steunpunt, hierdie getuienis in die harte van die gelowiges bevestig het (vgl. Rom. 8:16).

Die Bybel is nie ‘n wetenskaplike handboek nie, want dan sal die Bybel ook soos alle handboeke van die natuurwetenskap voortdurend herskryf moes word, want alle wetenskaplike navorsing bly voorlopig van aard. Wat vandag aanvaar word, word môre, in die lig van nuwe kennis, weer verwerp. Tog praat die Bybel met gesag as dit iets sê wat op die gebied van die natuurwetenskap lê (vgl. 1 Kor. 15:39). Dit doen die Bybel natuurlik nie in die natuurwetenskaplike taalgebruik nie, maar in die belewenstaal van die alledaagse toeskouer wat altyd waar bly.

Die inhoud van die Bybel raak nooit verouderd nie: “Die gras verdor, en die blom verwelk, maar die woord van onse God hou stand tot in ewigheid” (vgl. Jes. 40:8; 1 Pet. 1:23-25; Op. 14:6). Die hemel en die aarde sal vergaan, maar die woord van God nooit (Matt. 24:35).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 7. IS GENESIS 1 TOT 3 GESKIEDENIS OF VERSINSEL?

Is Genesis 1 tot 3 geskiedenis of ‘n versinsel? In Genesis 2:4 staan geskrywe: “Dit is die geskiedenis (*tholedoth*) van die hemel en die aarde toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het.” Hier word na Genesis 1 verwys as geskiedenis. Ons kan nie ligtelik hierdie woorde negatief as “fundamentalisme” afmaak nie. Die woord “fundamentalisme” word positief beskryf as: “Strenge handhawing van wat as fundamenteel beskou word” (H.A.T. p. 233); maar negatief, dat dit dinge wat figuurlik beskryf word, letterlik vertolk. So kan die Bybel nie oral vertolk word nie, soos waar ons lees: “Die riviere moet hande klap” (Ps. 98:8). Riviere het nie hande nie. Jesus het na Herodus verwys as “daardie jakkals” (Luk. 13:32) en Paulus na dwaal leraars as “wrede wolwe wat onder hulle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie” (Hand. 20:29). Die Here het self met sy eie vinger die Tien Gebooie op plat klippe geskrywe (vgl. Eks. 31:18; Deut. 9:10; 10:4). En Hy het geskrywe: “Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus” (Eks. 20:11). En wie sal beter weet as die Skepper self dat dit wat in Genesis 1 geskrywe staan dinge is wat werklik net so gebeur het? En Paulus getuig dat hy alles glo wat in die wet en die profete geskryf is (Hand. 24:14).

In 2 Korintiers 11:3 skrywe Paulus: “Maar ek vrees dat net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het.” Paulus beskryf Adam en Eva as werklike mense. (1 Tim. 2 :13-14).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Dit was ‘n werklike slang wat met Eva gepraat het, want ons lees: “Maar die slang was listiger as al die diere van die veld” (Gen. 3:1). Dit was die Satan wat deur die slang gepraat het, net soos, op ‘n keer, die Here met die stem van ‘n mens deur ‘n donkie met Bíleam gepraat het (vgl. 2 Pet. 2:16). Die Bybel sien die Antichris as ‘n dier wat uit die see opkom (Op. 13:1) met die getal van sy naam as seshonderd-ses-en-sestig (Op. 13:18), maar die Bybel verklaar uitdruklik dat dit “die getal is van ‘n mens” (Op. 13:18). Jesus noem sy gemeente sy “skape” (vgl. Joh. 21:17). Genesis 1-3 is dus geskiedenis. Al moet ons dit sien as heilsgeskiedenis, is dit dinge wat presies net so plaasgevind het soos dit beskryf word. “Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied en dit staan” (Ps. 33:9). By God is alle dinge moontlik (vgl. Mark. 10:27).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 8. SKEPPING OF EVOLUSIE?

Die Skepping word gewoonlik gedefinieer as die ontstaan van dinge deur die toedoen van God. Dit is nie moontlik om ‘n definisie van evolusie onder een noemer te plaas nie, maar dit word gewoonlik verstaan as die spontane ontwikkeling van alle dinge vanuit een oersel, en ook vanweë “die ononderbroke samehang van alle selle”; die moontlikheid van die ontwikkeling tot verskillende soorte vanuit dié een sel. Dinge ontwikkel in antwoord op spesifieke behoeftes. Diere in byvoorbeeld ‘n koue omgewing ontwikkel lang hare om hulle teen die koue te beskerm.

Die Bybel verklaar egter: “Alle vlees is nie dieselfde vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van vee, en dié van visse anders as dié van voëls” (1 Kor. 15:39). Selle verskil van mekaar op vyf basiese punte: Grootte, vorm, beweging, voedsel-inname en voortplanting. Binne elke lewende sel is daar ‘n beweging volgens ‘n vaste patroon. As daar ‘n verandering in dié bestaande patroon plaasvind, beteken dit nie die ontstaan van ‘n nuwe sel nie, maar die totstandkoming van een of ander siekte. So word byvoorbeeld deur die Golgi Apparaat die ontstaan van kanker vroegtydig opgespoor. Daar bestaan dus ‘n wesenlike verskil tussen die verskillende selle sodat die een soort nie spontaan tot ‘n ander soort kan ontwikkel nie.

Die Here Jesus praat van: “die begin van die skepping” (Mark. 10:6), en Paulus skrywe: “Want die onsigbare dinge kan van die begin van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word” (Rom. 1:20). Die Bybel praat dus van die skepping van dinge en nie van ‘n spontane ontwikkeling van dinge nie. ‘n

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

By het byvoorbeeld borseltjies op sy knieë om die stuifmeel weg te krap wat om sy neus saampak wanneer die by in ’n blom stuifmeel versamel. Volgens die teorie van evolusie moes die borseltjies op die knieë ontwikkel het om aan ‘n bepaalde behoefte te voorsien. Maar voordat die borseltjies kon ontwikkel het sou die by al versmoor het. As die borseltjies nie as gevolg van ‘n behoefte ontstaan het nie, maar van die  begin af daar was, dui dit op ‘n spesifieke skepping en nie op die ontwikkeling as gevolg van ‘n bestaande behoefte nie.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 9. STAAN DIE AARDE VAS?

Dit word byna algemeen aanvaar dat die aarde ’n planeet is. Die woord planeet beteken: swerwer. Dit beteken dat daar gereken word dat die aarde om die son beweeg. Maar volgens die Bybel bly die aarde staan (Ps. 119:90). “While the constant succession of men goes on, the earth remains unchanged and immovable” (W.J. Deane, Ecclesiastes, I,4 in The Pulpit Commentary).

Die Bybel noem die hemel die troon van God en die aarde sy voetbank (Jes. 66:1). Dit is ‘n metafoor. ‘n Metafoor suggereer ‘n ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe (HAT). Die Bybel vergelyk die aarde met ‘n voetstoel, en ‘n aarde wat beweeg en of roteer kan nie met ‘n voetstoel vergelyk word nie. ‘n Voetstoel staan stil. “It is usual for thrones and footstools to be at rest relative to each another. As Professor James Hanson has put it: Footstools are not footstools if they are moving” (Gerardus D. Bouw, A Geocentricity Primer, p. 92).

Twee wetenskaplikes, Albert Abraham Michelson en Edward Williams Morley het ‘n apparaat, die interferometer, ontwikkel om die spoed waarmee die aarde deur die lug beweeg te meet. Hulle apparaat het bevestig dat die aarde nie beweeg nie. Ses maande later is die eksperiment herhaal. Die aarde het nog steeds stilgestaan. Hulle het die eksperiment op verskillende tye van die jaar en op verskillende plekke herhaal met presies dieselfde resultaat. Die aarde beweeg nie. “The Michelson-Morley experiment pointed that either heliocentricity had to go and geocentricity be allowed to return, or the whole of science had to go” (Gordon Bane, Postscript, p.4; in G.D.Bouw, A Geocentricity Primer). As ‘n mens ‘n kompas neem, dit is ‘n

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

apparaat ('n toestel of meganiese hulpmiddel) wat rigting aanwys, dan wys die kompas dat die son aan die oostekant van die aarde opkom en aan die westekant van die aarde ondergaan. As die aarde nie roteer nie dan sal die plekke waar die son opkom en weer daal deur die dag nie verander nie. En dit is presies wat gebeur. As die aarde sou roteer, dan sal die plekke waar die son opkom en weer daal, saam met die aarde roteer om nou oos en dan weer wes te wees. Maar dit gebeur nie. Dit is dus 'n wetenskaplike bewys dat die aarde stilstaan. Die Skrif sê: "Die aarde is gegrond op sy grondveste, sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie" (Ps. 104:5; vgl. Ps. 119:90; Job 9:6). Dit staan vas (vgl. Ps. 93:1; 96:10).

Die aarde is dus nie 'n planeet nie, maar is 'n vasstaande voorwerp. Die aarde is saam met die hemel in die begin deur die Here geskape (Gen. 1:1). Die Bybel sê twee dinge van die aarde: "Die een geslag gaan, en die ander geslag kom, en die aarde bly vir ewig staan" (Pred. 1:4; Job 9:6; Ps. 78:69; 104:5); dit is die huidige stand van sake. En sê ook dat daar 'n nuwe aarde kom (Op. 21:1) – dit is óf 'n skepping *de novo* van die aarde óf eerder die huidige aarde wat van sy ongeregtighede gereinig word (vgl. 1 Joh. 2:15-17), want daar staan geskrywe: "Salig is die sagmoediges want hulle sal die aarde beërwe" (Matt. 5:5). Dit is dus die huidige aarde wat eendag deur die sagmoediges beërwe gaan word.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 10. NA WIE VERWYS JESAJA 53?

In die Nuwe Testament word op verskeie plekke na Jesaja 53 verwys (vgl. Matt. 8:17; Mark.15:28; Luk. 22:37; Joh. 12:37-38; Hand. 8:32-33; Rom. 10:16 en 1 Pet. 2:21-25).

1. In Matthéüs 8:14-17 word vertel dat Jesus die skoonmoeder van Petrus genees het. En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra (vgl. Jes. 53:4) -gedra -*bastatso*. Die woord beteken om weggedra te word (vgl. Joh. 20:15).

2. Markus 15:27-28: "Hulle het ook twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant. En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken" (vgl. Jes. 53:12).

3. Lukas 22:37: "Want Ek sê vir julle dat dit wat geskrywe is, nog aan My vervul moet word: En Hy is saam met misdadigers gereken. Want ook aan die dinge wat betrekking het op My, kom daar 'n einde" (vgl. Jes. 53:12).

4. Johannes 12:37-38: "En alhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie; sodat die woord van die profeet Jesaja vervul sou word wat hy gesê het: Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar?" (vgl. Jes. 53:1).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

5. Handelinge 8:32-33: “En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dit: Soos ‘n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos ‘n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie” (vgl. Jes. 53:7). Die teks in Handelinge kom nie presies ooreen met die gedeelte in Jesaja nie, maar dit verander die wesenlike van die boodskap nie. Handelinge kom ooreen met die Griekse vertaling van Jesaja 53:7. Dit dui daarop dat die kamerling besig was om die Griekse vertaling van die Bybel te lees. Hy was waarskynlik nie ‘n Jood nie. Lukas verwys na hierdie vertaling as die Skrif (vgl. Hand. 8:32,35).

6. Romeine 10:16: “Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja sê: Here, wie het ons prediking geglo?” (vgl. Jes. 53:1).

7. 1 Petrus 2:21-25: “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel; wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het (-gedra -*anaphero*- Die woord beteken om plaasvervangend te dra), sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is. Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele” (vgl. Jes. 53:4-6). Die woord vir genees beteken in Jesaja steeds om gered te word (vgl. Jes. 6:10; 19:22 ens.).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 11. DIE BOEK DANIËL


Vir ‘n lang tyd is die boek Daniël deur geleerdes as ‘n legende beskou, omdat dit histories bewys is dat Nabonidus die laaste koning van Babilon was en dat hy uitstedig was toe die Perse die stad ingeneem het, en dat Belsasar dus ‘n mitologiese figuur en die hele boek Daniël legendaries is. So was dit beskou totdat sir H. Rawlinson by Mugheir en ander Chaldese plekke kleitablette ontdek het waarop Nabonidus verklaar dat Belsasar sy oudste seun is (vgl. R.A. Torrey). Ongetwyfeld verklaar dit die feit dat hy waargeneem het terwyl sy vader elders was. Dit verklaar ook die feit dat Daniël as derde in rang in die koninkryk geheers het (vgl. Dan. 5:16,29).

Die profeet Eségiël (14:20) verwys byvoorbeeld na Daniël in een sin saam met Noag en Job terwyl ons uit die Skrif weet dat Noag (vgl. Jes. 54:9) en Job (vgl. Jak. 5:11) historiese persone was.

Jesus het byvoorbeeld gesê: “Wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël (11:36; 12:11), sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet- dan moet die wat in Judea is, na die berge vlug” (Matt. 24:15-16). Hier verwys Jesus na Daniël en na die boek wat hy geskryf het.

In Daniël 12:4 lees ons: “En jy, Daniël, hou die boek geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe.” As woorde enige betekenis het, kan hieruit afgelei word dat Daniël self die boek moes verseël wat hy geskryf het. Dit is dus ‘n billike vraag: Hoe kan Daniël ‘n boek verseël wat eers na sy tyd geskryf sou word?

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"en die Here het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk"*

*Jona 1:17*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 12. IS DIE BOEK JONA ‘N HISTORIESE GESKRIF?

Daar bestaan geen goeie rede waarom die boek Jona nie ‘n historiese geskrif kan wees nie, en waarom Jona nie self die outeur van die boek is nie. Al is die boek in die derde persoon geskrywe, is so iets niks vreemd nie (vgl Deut. 1:1). In Amos (vgl. 7:12-17) word dinge in die derde persoon van die profeet, deur die profeet self geskrywe. En Paulus skryf dinge van homself in die derde persoon (vgl. 2 Kor. 12:2-5).

Jona, die profeet, was die seun van Amíttai; gebore in Gat-Hefer (2 Kon. 14:25); in die erfdeel van Sebulon (Jos. 19:13), wat in die tyd van Jerobeam die tweede geprofeteer het. Ninevé was die hoofstad van Assirië, wat deur Nimrod gebou is (vgl. Gen. 10:8-11). Van Tarsis lees ons in Handelinge 21:39 en 22:3, en van Jafo of Joppe in Handelinge 10:5; almal historiese plekke.

Daar is visse in die see wat in staat is om ‘n hele mens in te sluk. Dr. A.C. Dixon rapporteer van ‘n wit haai wat ‘n seekoei, die grootte van ‘n os, ingesluk het. Die verhaal is bekend van ‘n visser, met die naam van Nakatus, wat deur ‘n groot vis in die Engelse kanaal ingesluk is. Agt en veertig uur later is die vis opgespoor en gevang. Toe hulle die vis oopsny het hulle die liggaam van die man in die maag van die vis gevind; bewusteloos, maar nog lewend. Hulle het die man gehelp om sy bewussyn te herwin. Hierdie man is daarna in ‘n museum van London aan die publiek vertoon as: “The Jonah of the Twentieth Century”. Dr H. Rimmer skryf dat hy die man persoonlik gaan ontmoet het. Die man was sonder hare en sy liggaam was oortrek met bruin vlekke wat deur die suur in die maag

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

van die vis veroorsaak was. Miskien het Jona ook so gelyk en is die inwoners van Ninevé daardeur oortuig dat sy verhaal geloofwaardig was.

Ons lees: “... en die Here het ‘n groot vis beskik om Jona in te sluk” (Jona 1:17). Hy het vir drie dae en drie nagte aan die lewe gebly. As ons dit nie glo nie, kan ons met reg die vraag vra: Het die maaksel dalk sy Maker oortref om ‘n “vis” (dit is ‘n duikboot) te ontwikkel om mense vir dae lank onder water aan die lewe te hou?

Jesus het die geloofwaardigheid van die verhaal van Jona in die groot vis aanvaar waar Hy vir die skrifgeleerdes en Fariseërs sê: “Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Matt. 12:40). En om die saak nog duideliker te stel, het Hy verder gesê: “Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en – meer as Jona is hier!” (Matt. 12:41). Maar hoe kan hierdie manne dan op die oordeelsdag optree as die verhaal van Jona nie werklik plaasgevind het nie?

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 13. IS JESUS UIT 'N MAAGD GEBORE?

In Matthéüs lees ons: "En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd (*parthenos*) sal swanger word en 'n Seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons" (Matt. 1:22-23). Hierdie woorde verwys na die profeet Jesaja (vgl. Jes. 7:14) wat sê: "Kyk, die maagd (*almah*) sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem." Die woord vir maagd (*bethulah*) is hier *almah*. Dit beteken 'n jongmeisie, want hierdie profesie het twee vervullings gehad. Die eerste vervulling wys na die seun van Jesaja van wie daar gesê is: "Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees" (Jes. 7:16). Die jongmeisie (*almah*) van Jesaja 7:14 het swanger geword toe sy nog 'n maagd (*bethulah*) was, maar sy was nie meer 'n maagd toe sy aan die seuntjie geboorte gegee het nie want die kind is uit die lendene van Jesaja gebore, nadat hy die maagd beken het (vgl. Jes. 7:3-16). 'n Jongmeisie (*almah*) is nog 'n maagd (*bethulah*) as geen man haar beken het nie (vgl. Gen. 24:16). Die tweede vervulling van Jesaja 7:14 wys na die geboorte van Jesus uit die maagd (*parthenos*) Maria (Matt. 1:23).

'n Dubbele vervulling van 'n profesie is nie vreemd aan die Skif nie. In Hoséa 11:1 lees ons byvoorbeeld: "Toe Israel 'n kind was, het ek hom liefgehad, en uit Egipte het ek my seun geroep." Dit dui op die verlossing van die volk Israel uit Egipte onder die leiding van Moses. Maar in Matthéüs 2:15 word die profesie van Hoséa 11:1 op Jesus van toepassing gemaak: "Hy (dit is Josef) het toe opgestaan, die Kindjie en sy moeder in die nag geneem en

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

na Egipte vertrek. En daar was hy tot na die dood van Herodus, sodat die woord vervul sou word wat die Here gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my Seun geroep" (Matt. 2:14-15).

Met die geboorte van Jesus was die saak soos volg: Maria het geboorte aan Jesus gegee terwyl sy nog steeds 'n maagd was, want ons lees: "En hy (dit is Josef) het haar (Maria) nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem" (Matt. 1:25). En "... voordat hulle saamgekom het is Maria swanger bevind uit die Heilige Gees" (Matt. 1:18). So bely die hele Christelike kerk elke Sondag van ons Here Jesus Christus "wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria."

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 14. HOE WEET ONS VERSEKER DAT CHRISTUS JESUS DIE SEUN VAN GOD IS?

Jesus het op 'n keer vir sy dissipels gevra: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is" (Matt. 16:13-17). Paulus getuig ook en sê: "Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3). Die Skrif verklaar dus dat Jesus Christus die Seun van God is.

Jesus het verskeie kere gesê dat Hy doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan (vgl. Mark. 8:31; 9:31 en 10:34). En dit het presies gebeur soos Hy gesê het dat dit moet gebeur. Toe Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus en Salóme die Sondagmôre baie vroeg by die graf van Jesus kom en in die graf ingaan, sien hulle 'n jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan wat vir hulle sê: "Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk daar is die plek waar hulle Hom neergelê het" (Mark. 16:1-6).

"Op dieselfde dag was twee dissipels op pad na Émmaüs. Toe kom Jesus nader en sê vir hulle: Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel en waarom is julle bedroef? En hulle antwoord Hom: Die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk; en hoe ons

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

owerpriesters en owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom gekruisig het. En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het" (vgl. Luk. 24:13-21). Dit wat Jesus dus verskeie kere vir sy dissipels gesê het, het presies net so gebeur. Hy het op die derde dag opgestaan. Jesus was dus ‘n betroubare getuie. Hierdie woorde van Jesus kan ons dus kontroleer.


Maar Jesus het nog iets gesê. Hy het gesê dat Hy die Seun van God is (vgl. Luk. 22:70). Maar hierdie getuienis van Jesus kan ons nie kontroleer nie, behalwe dat ons weet "‘n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie" (Jak. 3:11). As Jesus met betrekking tot die aardse dinge die waarheid gepraat het, is dit redelik om te aanvaar dat Hy ook oor die geestelike dinge die waarheid gepraat het.

As daar een mens was wat betroubaar sou kon getuig het in verband met die getuienis van Jesus dat God sy Vader is, dan was dit Maria, sy moeder. Sy sou geweet het dat die geboorte van Jesus uit die Heilige Gees was. As dit nie die geval was nie kon sy haar Seun van die kruisdood gered het deur Hom reg te help deur aan Hom te sê dat Hy hom vergis – Josef is sy pa. Dit is trouens wat die mense van sy tyd gedink het, want Lukas skrywe: "Jesus was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli" (Luk. 3:23). Maria het geweet dat hulle Jesus gekruisig het omdat Hy gesê dat God sy Vader is. En Maria het bygestaan toe hulle haar Seun gekruisig het (Joh. 19:25). En enige moeder sou alles in haar vermoë doen om haar seun van so ‘n smartlike dood te bevry. Maar Maria het stil gebly. Sy was dus óf die wreedste moeder wat nog ooit geleef het, óf dit wat haar Seun bely het, was die waarheid. En as Maria dan so ‘n wrede moeder was, is daar ‘n vraag wat moeilik

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

beantwoord kan word; en dit is: Hoe kon so ‘n wrede moeder geboorte gee aan ‘n Seun wat net goed aan die mensdom gedoen het? Nee, haar stilswye is vir my die kragtigste getuienis dat Jesus is wat Hy gesê Hy is - die Seun van die lewende God (vgl. Luk. 22:70).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"AANGESIEN baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, het ek ook dit goedgedink, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe,"*

*Lukas 1:1-3*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 15. DIE VIER EVANGELIES

Die vier evangelies verskil soms in beriggewing wanneer hulle nie volledig rapporteer nie. Die informasie weerspreek mekaar nie. Wat in die een ontbreek word in die ander aangetoon. Eers wanneer die gegewens van die verskillende evangelies saamgevoeg word, is die volle prentjie duidelik. So lewer byvoorbeeld die verhaal van die hoofman van Kapernaüm in Matthéüs 8:5-13 'n probleem, omdat Matthéüs die indruk skep dat die hoofman self in eie persoon Jesus genader het om vir sy kneg te pleit, terwyl Lukas 7:1-10 vertel dat die hoofman twee groepe boodskappers na Jesus gestuur het, en hy skryf nie dat die hoofman self ook na Jesus gegaan het nie. Hy sê egter nie dat die hoofman nie gegaan het nie. Hier het ons nou twee verhale van dieselfde gebeurtenis. Lukas skryf van twee groepe wat gestuur is, maar ignoreer die feit dat die hoofman self ook gegaan het. Matthéüs weer vertel van die hoofman wat gegaan het, maar ignoreer die twee afvaardigings wat gestuur is. Om die volle prentjie te kry, moet die twee verhale saam gelees word, want die een skrywer het sekere gegewens in sy verhaal ingebring wat die ander een weggelaat het, maar die twee verhale weerspreek mekaar op geen punt nie; dit vul mekaar aan. Uit die twee verhale saam leer ons dus dat altesaam drie partye na Jesus gegaan het – eers die twee afvaardigings wat deur die hoofman gestuur is en toe die hoofman self.

Om nie alles te vertel nie, ontneem die verteller nie sy geloofwaardigheid nie. Inteendeel, juis die verskille in die beriggewing van hierdie twee evangelies bevestig die betroubaarheid van hulle beriggewing. Hoe weet ons dit? Hierdie evangelies is óf die waarheid óf dit is 'n versinsel. Indien dit 'n versinsel is het die twee skrywers óf

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

saamgeknoei óf hulle het afsonderlik van mekaar geknoei. Hulle kon egter nie saamgeknoei het nie, want die verskille tussen die twee verhale is te groot. Hulle sou die opsigtelike verskille uitgehaal het om hulle verhaal vir die lesers aanvaarbaar te maak. Hulle kon ook nie afsonderlik van mekaar geknoei het nie, want die ooreenkoms tussen die twee verhale is te groot. Dit is nie moontlik dat twee skrywers 'n verhaal versin wat op verskillende plekke feitlik woordelik met mekaar ooreenstem nie. Die twee verhale stem in 'n groot mate selfs woordelik met mekaar ooreen. En as hulle dus nie afsonderlik van mekaar geknoei het nie, bly daar net een moontlikheid oor en dit is dat dit twee verhale is wat deur oog- en oorgetuies neergeskryf is soos elkeen van hulle die verloop van sake beleef het.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 16. IS DIE MOSTERDSAAD DIE KLEINSTE VAN ALLE SAADSOORTE OP AARDE?

Jesus het gesê: “Die koninkryk van die hemele is soos ‘n mosterdsaad wat ‘n man neem en in die land saai; wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en ‘n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke” (Matt. 13:31-32).

Het Jesus werklik gesê dat die mosterdsaad die kleinste is van alle saadsoorte op die aarde, dan het Hy ‘n fout gemaak want ons weet van saadsoorte wat kleiner is as die mosterdsaad. Of het ons hier te doen met ‘n vertaalprobleem in die Bybel?

Ja, Jesus praat hier nie van die mosterdsaad wat die kleinste van alle soorte saad op aarde is nie. Hy gebruik die vergrotende trap en nie die oortreffende trap nie. Hy praat van kleiner (*mikroteron*) en groter (*meizon*). Dit beteken in verhouding van die kleinste saadjie en die grootste groenteplant wat dit word, is daar nie ‘n kleiner saadjie as die mosterdsaad wat ‘n groter groenteplant voortbring nie. Of ook gesê: in verhouding van klein tot groot, dit wil sê van die klein saadjie en die groot groenteplant wat dit word, is die mosterdsaad die kleinste saadjie op aarde wat die grootste van die groenteplante op die aarde word. Dit beteken daar is nie ‘n kleiner saadjie as die mosterdsaad wat ‘n groter groenteplant as van die mosterdsaad word nie.

Die saak kan maklik vanuit ‘n ander voorbeeld verduidelik word. In Markus 12:41-42 lees ons: “En Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die skare geld in die skatkis gooi. En baie rykes het veel ingegooi. En

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in, dit is ‘n oortjie. Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het.” Jesus verskil dus van wat Markus geskryf het, want Markus het geskrywe dat die rykes veel ingegooi het en die arm weduwee min. Maar toe kwalifiseer Jesus sy woorde deur te sê: “Want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud” (Mark. 12:44). Dit beteken dat die arm weduwee in verhouding met wat sy gehad het meer ingegooi het as al die rykes wat dus minder ingegooi het in verhouding met wat hulle besit het.

Op presies dieselfde wyse is die mosterdsaad in verhouding tot al die ander saadsoorte op die aarde die kleinste saadjie wat die grootste groenteplant in verhouding tot die ander groenteplante word.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 17. DIE OPSKRIFTE BOKANT DIE KRUIS VAN JESUS

Matthéüs 27:37: “En bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging in skrif opgestel: Dit is Jesus die koning van die Jode.” Markus 15:26: “En die opskrif van sy beskuldiging was bokant Hom geskrywe: Die koning van die Jode.” Lukas 23:38-39: “En daar was ook ‘n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: Hy is die koning van die Jode.” Johannes 19:19-20: “En Pilatus het ook ‘n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit; daar was geskrywe: Jesus, die Nasaréner, die koning van die Jode.”

Die woord wat hier met Hebreeus vertaal is, is *Ebraisti*. Die woord dui nie op Hebreeus nie maar op die Hebreeuse dialek Aramees. Die opskrif was dus geskryf in drie tale, Aramees, Latyn en Grieks (Joh.19:20). Almal in Jerusalem kon ten minste een van die drie tale lees.

Behalwe vir die woorde: Die koning van die Jode, gee nie een van die vier evangelies dieselfde opskrif nie. Elkeen van die vier skrywers het dus ‘n eie keuse gedoen watter een van die opskrifte hy sou gebruik. Die drie opskrifte het nie presies dieselfde woorde gebruik nie. Daarom is dit nie vreemd dat die opskrifte in die vier evangelies van mekaar verskil nie. Matthéüs het die Joodse lesers op die oog gehad. Hy gebruik dus die opskrif soos dit in Aramees geskryf was. Hy gee die geslagsregister van Josef (vgl. Matt. 1:1-17). Die Jode het nooit die geslagsregister van vroue gebruik nie. Lukas weer, het die Romeine op die oog gehad en het die geslagsregister van Maria gegee (Luk. 3:23-37). Hy gee dus die opskrif soos dit in Latyn geskryf was. Markus het ook die opskrif in Latyn

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

gegee, maar hy laat ook die Latynse voornaamwoord *hic* (hy is) weg. Hy gee self die verduideliking daarvoor waar hy skryf: “Die opskrif van sy beskuldiging was bokant Hom geskrywe: Die koning van die Jode” (Mark. 15:26).

Dit was nodig dat albei die geslagsregisters in die Bybel opgeteken sou word sodat ons kan sien dat Jesus van Josef se kant af sowel as van Maria se kant af van Dawid afstam, want ‘n dogter kon nie erf as sy nie getrou het met ‘n man vanuit dieselfde stam as sy nie (vgl. Num. 36:1-13).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 18. DIE OPSTANDING VAN JESUS UIT DIE DOOD

Paulus skrywe: “Want in die eerste plek (first of all) het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Jesus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte” (1 Kor. 15:3-4). Dit was vir Paulus die belangrikste waarheid wat hy verkondig het.

Die feit dat Jesus gesterf het is bevestig toe ‘n soldaat ‘n spies in die sy van Jesus gesteek het en daar bloed en water uit sy sy gestroom het (Joh. 19:34). Die soldate het gesien dat Jesus al dood was (Joh. 19:33). Die water en die bloed wat uit die sy van Jesus gevloei het was die bewys dat die dood reeds ingetree het, want as iemand sterf skei die elemente in die bloed. Die engel in die graf het aan die vroue gesê dat Jesus opgestaan het (Mark. 16:6) en Paulus het geskrywe: “... dat Christus vir ons sondes gesterf het ... en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte” (1 Kor. 15:3-4). Jesus het self aan Johannes gesê: “Ek was dood en kyk, Ek leef tot in ewigheid” (Op. 1:18).

Dit was die liggaam van Jesus wat Josef van Arimathéa van die kruis afgeneem het (Joh. 19:38) en wat hulle in doeke toegedraai en in die graf neergelê het (Joh. 19:40-42). En dit was hierdie liggaam van Jesus wat uit die graf uit opgestaan het (vgl. HK. 80c), want toe Petrus en Johannes by die graf kom, sien hulle die doeke lê, maar die liggaam van Jesus was weg (Joh. 20:5-8). En Paulus skrywe: “As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes, dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore”

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

(1 Kor. 15:17-18). Die hele Christelike kerk bely dan ook elke Sondag dat Jesus Christus "op die derde dag weer opgestaan het uit die dode."

Toe Jesus aan sy dissipels verskyn het, lees ons: "Toe het hulle verskrik en bang geword en gemeen dat hulle 'n gees sien. En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op? Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan my en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie. En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete. En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle iets om te eet? Daarop gee hulle vir Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek. En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet" (Luk. 24:37-43). Die Here Jesus het dit gedoen om hulle te oortuig dat dit Hyself is en dat Hy nie 'n gees is nie.

Die feit dat Jesus deur 'n toe deur gekom het (Joh. 20:19), is 'n wonderwerk. Maar dit beteken nie dat Hy 'n geestelike liggaam gehad het nie, want Jesus het op 'n keer, reeds voor sy opstanding uit die dood, op die see geloop (Matt. 14:25). Dit was ook 'n wonderwerk. Dit het werklikwaar gebeur, want die skuit was al in die middel van die see (Matt. 14:24), en die dissipels het Hom op die see sien loop (Matt. 14:26) En die Skrif sê: "In die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan" (2 Kor. 13:1).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 19. DIE UITVERKIESING EN ONS VERANTWOORDELIKHEID

Die uitverkiesing en ons verantwoordelikheid word albei in die Bybel geleer. Daar staan geskrywe: “Hy (dit is ons God en Vader) het ons in Christus uitverkies voor die grondlegging van die wêreld” (Ef. 1:3-4) sodat ons in Hom mag glo (vgl. Hand. 13:48). En ook: “So hang dit dan nie af van van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil” (Rom. 9:16,18). Dit beteken: Ons verlossing is geheel en al God se wil en werk (2 Kor. 5:17-18).

Aan die ander kant leer die Skrif: “Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weg. Waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?” (Eseg. 33:11). En ook: “Bekeer my, dan sal ek my bekeer” (Klaagl. 5:21). Ons word nie gered sonder dat ons ons bekeer nie, maar nie omdat ons ons bekeer nie, want ons bekering is deur God in ons gewerk (vgl. Jer. 31:18). Bekering is ons daad, maar nie ons prestasie nie. Jesus het gesê: “Want sonder My kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5).

Sonder geloof kan ons nie gered word nie (Mark. 16:16; Hand. 16:31). Maar ons word nie gered omdat ons glo nie; op grond van (*dia pistin*) ons geloof nie, maar deur middel van (*dia pisteos*) ons geloof, want geloof is God se werk in ons (Joh. 6:29); God se geskenk aan ons (Ef. 2:8). Ons word dus nie uit die werke gered nie, sodat niemand mag roem nie (Ef. 2:9).

Toe die Jode en die Grieke aanhou om teenstand te bied en om lasterlike dinge te spreek, het Paulus vir hulle

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

gesê: “Julle bloed is op julle hoof” (Hand. 18:6). Dit beteken dat dit hulle eie skuld is as hulle verlore sou gaan. Ook lees ons: “Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Matt. 24:13). En: “... hoe sal ons ontvlug as ons so ‘n groot saligheid verontagsaam” (Hebr. 2:3). En Judas skrywe: “en julleself in die liefde van God bewaar” (Judas v.21). Ons eie verantwoordelikheid met betrekking tot ons redding word sodoende duidelik geleer.


Hierdie twee waarhede staan nie teenoor mekaar nie, want ons verantwoordelikheid word ingesluit in die genadewerk van God: Die Here beveel ons byvoorbeeld: “Bekeer julle!” (Eseg. 33:11), maar leer ons dat bekering ‘n geskenk van God is (Hand. 5:31). In Jeremia 31:18 lees ons: “Bekeer my, dan sal ek my bekeer.” Jesus sê: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Matt. 11:28), maar sê ook: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie” (Joh. 6:44). “Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie” (2 Pet. 1:10).

Die oplossing vir hierdie probleem vind ons in Filippense 2:12-13: “Werk julle eie heil uit met vrees en bewing (dit is ons verantwoordelikheid), want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (dit is God se werk).” Die woord *want* is gelyk aan die woord *omdat*. Dit beteken: Omdat dit God is wat in ons werk om te wil, sowel as om te werk na sy welbehae, daarom word ons geroep om ons verantwoordelikheid na te kom deur ons eie heil uit te werk. Om ons eie heil uit te werk, is ons verantwoordelikheid, maar om in ons te werk en om te wil, is God se werk. Dit beteken dat ons verantwoordelikheid in die genade van God ingesluit is. Jesus het gesê: “Sonder My kan julle niks doen nie” (Joh.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

15:5). God maak ons betrokke. Hy doen dit alles in en deur ons. “Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen” (Rom. 11:36).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;"*

*Romeine 10:9*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 20. WANNEER WORD ONS GERED?

Die tronkbewaarder van Filíppi het vir Paulus en Silas gevra (Hand. 16:30): "Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word" (Hand. 16:31). Hy sal nie uitvind dat hy al gered is nie, want Paulus sê, hy sal gered word.


Toe Saggéüs, die tollenaar, uit die vyeboom uitgeklim en vir Jesus in sy huis ontvang het, het Jesus van hom gesê: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is." Hy was op dieselfde dag gered omdat hy 'n seun van Abraham was. Aan Abraham het God reeds lank voorheen belowe dat Hy vir hom 'n God sal wees en vir sy nageslag na hom (Gen. 17:7) maar die tollenaar is eers in sy eie leeftyd, lank daarna, gered.

Hierdie twee voorbeelde is 'n bewys dat 'n mens gered word op die oomblik wanneer jy positief op die boodskap van God reageer.

In Openbaring 3:20 lees ons: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Die woord *-as-* is tydbediend en nie voorwaardelik gegee nie. Dit beteken: wanneer. Dit is wanneer jy oopmaak, kom Hy in. Dit is die tyd wanneer jy gered word.

Ons word dus in ons eie leeftyd gered, en ontdek nie dat ons al lank voor ons geboorte al gered was nie.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*

*1 Johannes 1:9*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 21. WANNEER WORD ONS SONDES ONS VERGEWE?

Lukas 18 vertel ons van ‘n Fariseër en ‘n tollenaar wat na die tempel opgegaan het om te bid. Die Fariseër het geen sondes aan God bely nie. Die tollenaar egter, het soos volg gebid: “o God, wees my, sondaar, genadig!” (Luk. 18:13). En Jesus het van hom gesê: “Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een” (Luk. 18:14). Dit beteken dat die tollenaar deur God vergewe is. Maar waar is hy vergewe? In die tempel. En wanneer is hy vergewe? Op die oomblik toe hy gebid het. Ons word dus van ons sondes vergewe op die oomblik wanneer ons dit aan God bely.

In 1 Johannes 1:9 lees ons. “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” Die woordjie as (*ean*) word in die Skrif voorwaardelik gebruik maar ook tydbediend. In Hebreërs 3:14 staan daar geskrywe: “Want ons het deelgenote van Christus geword, as (*ean*) ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou.” Hier word die woordjie *-as-* voorwaardelik gebruik. Dit is op voorwaarde dat ons vashou. Maar in 1 Johannes 1:9 is die woordjie tydbediend. Dit beteken wanneer ons bely, word ons vergewe. Ons word dus van ons sondes vergewe op die oomblik wanneer ons dit aan die Here bely. Ons word egter nie vergewe omdat ons ons sondes bely nie, want ook die vergifnis van ons sondes is ‘n geskenk van God aan ons (vgl. Hand. 5:31). Die belydenis van ons sondes is dus geen prestasie van ons kant af nie.

In Markus lees ons: “En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het” (Mark. 11:25). Hier

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

word ons beveel om die sondes van iemand teen ons te vergewe, voordat hy dit nog aan ons bely het, want ons word beveel om te vergewe terwyl ons nog staan en bid. Dit is vergifnis nog voordat dit deur die skuldige aan ons bely is. Maar ons sondes word nie deur God vergewe voordat ons dit aan Hom bely het nie, maar wanneer ons dit bely (vgl. Luk. 18:13-14).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 22. IS DIE MEERDERHEID ALTYD REG?

Die meerderheid is nie altyd reg nie, want daar staan geskrywe: "Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie" (Eks. 23:2). Moses het op die berg geklim. "Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het hulle vir Aäron gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit kan trek, want hierdie Moses, wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. Daarop het Aäron 'n goue kalf gemaak, en vir die volk gesê: Môre is daar fees tot eer van die Here. En hulle het vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring" (Eks. 32:1-5).

Om aan 'n afgod offers te bring, bring die offeraar nie in kontak met die ware God nie, maar met duiwels (1 Kor. 10:19-20), want die Here het vir Moses gesê dat die volk verderflik gehandel het. Moses het daarop van die berg afgeklim en vir Aäron gesê: "Wat het hierdie volk jou gedoen dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?" Maar Aäron het homself voor Moses verskoon deur te sê: "U ken die volk dat hulle deur en deur sleg is. Hulle het dan aan my gesê: Maak vir ons gode wat voor ons uit trek, want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. Daarop het ek hulle geantwoord: Wie goud het, laat die dit afruk! En hulle het dit aan my gegee. En ek het dit in die vuur gegooi, en hierdie kalf het daaruit voortgekom" (Eks. 32:1-24).

Aäron het die volk die skuld gegee, maar Moses het sy verskoning nie aangeneem nie, want daar staan geskrywe: "Aäron het die volk bandeloos laat word" (Eks. 32:25). 'n Leier van die volk mag die volk nooit beskuldig as

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

hy aan hulle wens toegee om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here nie. Die meerderheid is nie altyd reg nie.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 23. MY GESPREK MET ‘N ONGELOWIGE

Terwyl ek met ‘n reeks dienste in Krugersdorp besig was, klim ‘n persoon, na die diens, met die trappies van die preekstoel op na my en sê: Dominee, ek het ‘n probleem. Kan u my help? Ek glo nie in God nie en ook nie dat die Bybel die Woord van God is nie. Ek nooi hom toe om by my op die preekstoel te kom sit.

My gesprek met hom het min of meer soos volg verloop. Ek sê: As ek ‘n dokter is en jy is siek en kom na my om jou te help, sal jy die medisyne drink wat ek aan jou gee? Ek dink so, antwoord hy. As jy dit nie drink nie, en nie gesond word nie, sal jy kan sê dat ek ‘n swak dokter is? Ek dink nie so nie, antwoord hy. Nou, ek is ‘n geestelike dokter en jy het ’n geestelike probleem; jy glo nie in God nie en ook nie dat die Bybel die Woord van God is nie. Sal jy die medisyne drink wat ek jou sal gee? Hy antwoord my nie, en ek sê: As jy dit nie drink nie, wil jy nie regtig glo nie; dan is jou probleem nie ongeloof nie, maar sonde. En as jy nie van jou ongeloof genees nie, sal jy kan sê dat ek ‘n swak geestelike dokter is? Ek dink nie so nie, antwoord hy.

Ek maak die Kanselbybel oop en lees Johannes 7: 16-17 waar Jesus sê: “My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit van God is, en of Ek uit Myself spreek.” Dit beteken dat as ons gewillig is om die wil van God te doen, sal ons twee dinge weet: Dat die Here God is en dat die Bybel die Woord van God is.

Maar wat beteken dit om die wil van God te doen? Die Here wil byvoorbeeld “dat almal tot bekering moet kom” (2 Pet. 3:9). Om tot bekering te kom, beteken om soos die

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

verlore seun tot jouself te kom; die ou lewe agter te laat en om terug te keer na die huis van jou hemelse Vader (vgl. Luk. 15:17-20). Dit beteken om jou sonde aan die Here te bely (vgl. Ps. 32:5) en aan elkeen teen wie jy gesondig het (vgl. Jak 5:16). Die Skrif sê: "En as (wanneer) ons ons sondes bely is die Here getrou en regverdig om ons ons sonde te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig (1 Joh. 1:9), want "hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie, maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind" (Spr. 28:13).

Jesus het ons geleer om te bid: "... En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Matt. 6:12). En ook: "En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie" (Mark. 11:25-26).

En wat die geloof in ons Here Jesus betref, staan daar geskrywe: "Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom" (Jes. 53:6; vgl. 2 Kor. 5:21). Paulus skrywe van Jesus Christus: "Wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking" (Rom. 4:25). En ook: "En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus" (2 Kor. 5:18). Hierdie feit geld vir elkeen van ons persoonlik.

Dit is hierdie feit wat ons moet verstaan (vgl. Hand. 8:30) en wat ons moet aanvaar (2 Kor. 5:20). Daarom skrywe Paulus en sê: "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen" (2 Kor. 5:20). Dit


Click here to get your free novaPDF Lite registration key

beteken om die versoening wat Christus vir ons bewerk het te aanvaar. En ons aanvaar dit deur te sê dat ons dit aanvaar. En dan dra ons vrugte wat by die bekering pas (vgl. Luk. 3:8) deur byvoorbeeld aan ander te vertel watter groot dinge die Here aan ons gedoen het (vgl. Mark. 5:19), want met die mond bely ons tot redding (vgl. Rom. 10:10).

Dit is geestelike medisyne soos hierdie wat jou van jou ongeloof sal red. Bid dan saam met my soos volg: "Here, ek bely aan u al my sondes (Ps. 32:5). Ek vergewe almal wat teen my oortree het (Mark. 11:25). Help my om reg te maak alles wat ek verbrou het, in sover as wat dit nodig is (vgl. Rom. 13:8), moontlik is (Rom. 12:18) en in ooreenstemming met die liefde is (Rom. 14:15). Ek aanvaar dat Christus Jesus vir my sondes aan die kruishout gesterf het en uit die dood opgewek is sodat ek vrygespreek mag word (Rom. 4:25). Ek aanvaar dit (2 Kor. 5:20). Gee dat ek aan ander sal vertel (vgl. Mark. 5:19) dat ek U as my persoonlike Verlosser aangeneem het (vgl. Joh. 1:12-13)." Kom, bid nou saam met my. Ek het dit hardop gebid en hy het dit my agterna gesê.

Die volgende aand het die persoon weer na die diens by die preekstoel opgeklim en my stralend vertel dat sy probleem opgelos is.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie"*

*Handelinge 20:27*


Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 24. DIE HELE RAAD VAN GOD

Paulus het aan die ouderlinge van Éfese gesê: “Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie” (Hand. 20:27). Dit beteken, hy het gesê dat hy nie nagelaat het om die heilsplan van God in volle omvang aan hulle te verkondig nie; dit is sowel die indikatief as die imperatief van die evangelie. Die indikatief van die evangelie is die verduideliking van die heilsweg: “Hy (dit is Jesus ons Here) is vanweë ons oortredinge oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek mag word” (Rom. 4:25). Die imperatief van die evangelie is om op ons ‘n beroep te doen: “Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees” (2 Kor. 5:20,21).

Die oproep: Aanvaar, word ‘n werklikheid vir ons sodra ons sê: Ons aanvaar dat Jesus in ons plek gesterf het en opgewek is tot ons vryspraak. Ons neem Hom aan as ons Verlosser en ons God deur aan Hom te sê: Ons neem U aan as ons Verlosser en ons God  (vgl. Joh. 1:12; Kol. 2:6). U kan dit op hierdie oomblik doen.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"Wie het sy afmetinge bepaal? – jy weet dit mos! Of wie het daaroor die meetsnoer gespan?"*

*Job 38:5*


Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 25. IS DAAR 'N WISKUNDIGE FOUT IN DIE BYBEL?

In 1 Konings 7:23 lees ons: "Verder het hy die see gemaak van gietwerk; van rand tot rand was 10 el, heeltemal rond; en die hoogte daarvan was 5 el, en 'n lyn van 30 el kon dit rondom omspan." As hierdie vertaling van die oorspronklike teks korrek is, dan het ons hier 'n wiskundige fout in die Bybel. Wiskundig gesien moet die omtrek van 'n sirkel een en dertig en 'n halwe el wees (en nie 30 el nie) as die middellyn 10 el is.

Maar in bogenoemde vertaling kom die Hebreeuse woord *sabib* nie tot sy reg nie. Die woord *sabib* beteken: Om en by, min of meer, omtrent, ongeveer en so voort. 'n Meer korrekte vertaling moet dan so lees: "Verder het hy die see gemaak van gietwerk; van rand tot rand om en by (*sabib*) 10 el in deursnee, al in die rondte. En die hoogte daarvan was 5 el, en 'n lyn van ongeveer (*sabib*) 30 el lank kon dit rondom omspan." So vertaal, kom die vertaling nie in botsing met die pi as 'n vaste wiskundige berekening nie. Die aantuiging dat die Bybel hier 'n wiskundige wet oortree het, verval.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*“Ja, Ek sal jou ‘n kaal rots maak, ‘n droogmaakplek vir nette sal jy wees en nooit herbou word nie.”*

*Eségiël 26:14*


Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 26. PROFESIE TEEN TIRUS LETTERLIK VERVUL

Eségiël 26:14: “Ja, Ek sal jou ‘n kaal rots maak, ‘n droogmaakplek vir nette sal jy wees en nooit herbou word nie.” Tirus was ‘n versterkte eiland koninkryk wat selfs Nebukadresar nie aan sy gesag kon onderwerp het nie (vgl. Eseg. 29:18). So was dit tot in die tyd van Alexander die Grote.

Alexander het gekom en die stad ingeneem. Hy het die mense van die stad gedwing om elke krieseltjie grond van die stad die see in te sleep. Al wat van die stad oorgebly het is ‘n groot plat rots waarop vissers vandag nog hulle nette droogmaak. Die stad kan nie herbou word nie, want die stad lê in die hart van die see. So is die profesie van Eségiël na 950 jaar letterlik vervul.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"En jy, Betlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal 'n leidsman voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees"*

*Matthéüs 2:1-6*


Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 27. DIE PLEK WAAR JESUS GEBORE IS

In Matthéüs 2:1-6 lees ons: “En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom en gesê: Waar is die koning van die Jode wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys. En toe koning Herodes dit hoor, was hy ontsteld en die hele Jerusalem saam met hom; en hy het al die owerpriesters en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar laat kom en by hulle navraag gedoen waar die Christus gebore sou word. En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judéa, want so is daar deur die profeet geskrywe: En jy, Betlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal ‘n leidsman voortkom wat vir my volk Israel ‘n herder sal wees” (Matt. 2:1-6; vgl. Miga 5:1).

Daar is geen ander plek in die Bybel waar die skrifgeleerdes kon aflei dat Jesus te Betlehem gebore sou word nie, as Miga 5:1.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"Hy wat die Sewe-ster en die Oríon gemaak het en die duisternis in môrelig verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde -- HERE is sy Naam!"*


*Amos 5:8*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 28. DIE BYBEL PRAAT AL VAN DIE SEWE-STER

Die Bybel praat al van die *Pleiades* of Sewe-ster, vandag ook bekend as die M45 konstellasie (vgl. Job 38:31; Amos 5:8) toe die mens net ses sterre kon sien. Dit was eers in die tyd van die kragtige teleskope dat die mens die sewende ster kon sien. Hier het ons 'n bewys van moderne wetenskap in 'n baie ou boek. Hierdie kennis kon die skrywers van die twee boeke net bekom deur 'n openbaring van God aan die mens.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."*

*Johannes 3:3*


Click here to get your free novaPDF Lite registration key

## 29. NIE NET 'N VROOM LEWE NIE

Van Kornelius lees ons: "Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God" (Hand. 10:2). Van hom getuig Petrus: "En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: Stuur manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word; hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word" (Hand. 11:13-14). Hy sal nie ontdek dat hy al gered is nie, maar dat hy en sy hele huis gered sal word. Sy vroom lewe het hom nie reeds gered nie. Dit is iets wat nog moes gebeur.

Hoe het dit gebeur? Kornelius en sy huis het instemmend na Petrus geluister. Petrus het van Jesus van Nasaret gespreek en gesê: "Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang" (Hand. 10:43). En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. So het hulle die Heilige Gees ontvang (vgl. Hand. 10:44-47) en is hulle gered (vgl. Rom. 8:9).

Click here to get your free novaPDF Lite registration key



*"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."*

*Efesiers 2:8-9*

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# 30. NIE ÓNS WERKE RED ONS NIE

Die tronkbewaarder het vir Paulus en Silas gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" (Hand. 16:30). Toe sê hulle: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand. 16:31).

Die antwoord was: Nie doen nie, maar glo. Vertrou nie op jou eie werke nie, maar op dit wat die Here Jesus Christus vir jou gedoen het (vgl. Rom. 4:4-5).

Dr Willie Marais

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

# CURRICULUM VITAE

## Dr. WILLIE MARAIS

Dr Willie Marais is in Christiana gebore op 5 Mei 1929. In 1949 verwerf hy sy B.A.-Admissie graad aan U.K.O.V.S en in 1953 word hy gelegitimeer aan die Die Kweekskool te Stellenbosch. Op 3 April 1954 word hy georden as predikant van die Grootte kerk Pretoria. In 1969 verwerf hy 'n D.D.-Graad aan UNISA.

Hy bedien sewe gemeentes, te wete: Pretoria, Odendaalsrus, Brixton, Olifantshoek, Krugersdorp, Bloemfontein en Pretoria-Oos.

In 1981 word hy Besturende Direkteur van T.W.R (RSA) en op 1 Augustus 1983 Predikant in Sinodale Diens, Ampsbediening en Evangelisasie vir Noord-Transvaal.

Hy is getroud met Maryna Otto. Uit die huwelik is drie kinders gebore en vyf kleinkinders.

Dr Marais is skrywer van 54 boeke en honderde artikels, brosjures, pamflette en traktaatjies. Een van sy boekies: "Die Heerlikheid Van Ons Verlossing," is reeds in 32 tale vertaal en word dwarsoor die wêreld versprei.

Doktor Marais het 'n weeklikse radioprogram vir Radio-kansel behartig. Hy het op 5 Mei 1994 met eervolle ontslag afgetree.

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Click here to get your free novaPDF Lite registration key